

Sing vooraf staande: Psalm 81:9, 10, 11 (p. 412)

- 9 Neig, my volk, jul oor, / – dis wat Ek getuig het – / neig jul oor en hoor:
Ag, as Israel / maar op my bevel / voor my woord gebuig het!
- 10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie: / Ek is God alleen!
Jul mag god of heer / wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.
- 11 Ek is God en HEER / wat die volk bevry het – / Ek en niemand meer!
Wat jul deur my hand / uit Egipteland / veilig uitgelei het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Skrifberyming 9-1:1, 2, 11 (26:1, 2, 11)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit bekleed,
deur wolke en donkerheid omswee, / sy wet op Horeb het gegee:
- 2 Ek is die HEER, jou God en Koning, / wat uit Egipte jou bevry;
jou uitlei uit jou slaafse woning: / dien dan geen gode buiten My.
- 11 Ons het, o Heer, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Gebed

Psalm 1:1, 2 (p. 1)

- 1 Welsalig hy wat op die spoor nie gaan / waar sondaars lok; wat op hul pad nie staan,
of neersit waar die spotglans in die oog is, / waar spotters vrolik spot met al wat hoog is;
maar wat Gods wet in stille mymering, / by dag en nag, weer in gedagt'nis bring.
- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Skriflesing: Jeremia 17:1-13; Heidelbergse Kategismus, Sondag 34:94 en 95

Kernvers: Eksodus 20:2-3; Jeremia 17:5-8

Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.
(Eksodus 20:2-3 AFR53)

So sê die HERE: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land. Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy

blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie.
(Jeremia 17:5-8 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: Ek moet ter wille van my sieleheil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (l).

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31; Deut 18:9, 10. (c) Matt 4:10; Open 19:10; 22:8, 9.

(d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14.

(h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (l) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a).

(a) Efes 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Efes 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 1:9; Joh 5:23.

Tema: Ons kan net die God wat ons verlos het, vertrou

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vertrou is die fundamente van baie verhoudings. Eers wanneer daar gevestigde vertrou is tussen jou en 'n vriend, sal jy kan sê dat julle boesemvriende is. Jy kan op so 'n persoon reken wanneer jy in die moeilikheid is – jy kan vertrou dat hy jou sal help soos dit vir hom moontlik is. Ouers kan hulle kinders nie vir altyd onder hulle vlerk hou nie. Dit is 'n ongesonde praktyk. Daarom vergelyk die Here kinders met pyle in Psalm 127. In die een of ander stadium moet daardie pyl afgeskiet word. Jy moet toelaat dat jou kind uit jou huis uitgaan met jou naam. Omdat jy jou kind na die beste van jou vermoë in die vrees van die Here grootgemaak het, vertrou jy hom. Jy maak staat op jou kind dat hy nie iets sal doen wat 'n vraagteken oor jou en jou huis plaas nie.

Net so weet elke man en vrou wat in 'n liefdesverhouding is of al verloof of getroud is hoe belangrik vertrou is. Dit is eers wanneer 'n man en 'n vrou mekaar regtig vertrou dat hulle sover sal gaan om 'n vaste verhouding aan te knoop. Dit is op die fondament van vertrou dat hulle uiteindelik sover kan kom om voor die Here aan mekaar trou te belowe. Dit is omdat ek my vrou vertrou dat ek haar kan glo as sy voor die Here belowe om lewenslank my vrou te wees. Daar is ook min dinge wat 'n mens so kan skok soos vertrou wat gebreek is. As die vertrou tussen 'n man en 'n vrou gebreek is, is daar agterdog en hart-seer. En dit vat baie tyd en baie gebede voordat so 'n gebreekte vertrou herstel is.

Wanneer ons aandagtig luister na die twee antwoorde wat ons vanoggend bely, hoor ons dat vertrou sentraal is in albei antwoorde. In die eerste antwoord sê elkeen van ons dat ons ter wille van ons sieleheil net op God alleen moet vertrou. In die tweede antwoord sê ons dat wanneer 'n mens sy vertrou op enigiets of enigiemand anders as die Here stel, hy besig is om afgodery te bedryf.

Iemand sou kon vra: Is daar regtig ander gode buiten die Here ons God? Op grond van die Here se eie woorde kan ons met 'n geruste hart sê dat daar glad en geheel nie ander gode in die hele skepping bestaan nie. Die Here sê self:

Ek God is, en daar is geen ander nie; Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie.
(Jesaja 46:9 AFR53)

Dat God die enigste God is, is van die begin af die belydenis van die gelowiges. Israel van ouds het al bely:

Hoor, Israel, die HERE onse God is 'n enige HERE. (Deuteronomium 6:4 AFR53)

Tot vandag toe bely ons openlik dat daar net een God is.

As die Here dan die enigste God is, waarom word die mens aangesê om nie ander gode voor sy aangesig te hê nie? Alhoewel daar nie werklik ander gode is nie, is die mens in sy sondigheid vernuftig genoeg om vir homself gode uit te dink. Alle mense het die besef dat daar iemand groter as hyself is van wie hy afhanklik is en daarom ook moet aanbid – alle mense het die besef van God se bestaan (Rom 1:21). Baie mense onderdruk egter die waarheid dat daar net een God is en dink vir hulleself gode uit en aanbid dié goed, want hulle stel hulle vertroue op die goed.

Aangesien die Here die enigste God is op wie enige mens waarlik sy vertroue kan stel en bly lewe, sê die Here dit heel eerste wanneer Hy sy Tien Gebooie aan ons afkondig. As die eerste gebod wegval, verloor die ander gebooie hulle betekenis geheel en al. As die mens toegelaat sou word om ander gode te dien, sou die verbod op die maak van beelde van God of die onderhouding van die rusdag tot sy eer geen betekenis hê nie. Die eerste gebod lê dus die fondament vir 'n mens se hele lewe. Dit is die diepste motief waarom 'n mens die ander gebooie sal gehoorsaam.

Die belangrikheid daarvan dat hierdie gebod juis die eerste gebod is, word nog duideliker as in gedagte gehou word dat die verhouding tussen God en sy volk dikwels in die Bybel vergelyk word met 'n liefdesverhouding of 'n huweliksverhouding waarin God die man en die volk die vrou is (Hos 2; Efes 5:22-33; Open 21:9, 10). Omdat dit die geval is, eis God as die hemelse Bruidegom sy volk, sy bruid, vir Hom alleen op. Hy verwag onverdeelde trou van haar kant. As 'n mens dan ander gode dien, is jy ontrou en maak jy jou skuldig aan geestelike owerspel. Daarom sê die Here met soveel nadruk:

Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie.
(Jesaja 44:6b AFR53)

Broers, susters en kinders, daarmee keer ons terug na die sentrale gedagte in ons twee Kategismus-antwoorde. Ons moet ons vertroue op die Here ons God alleen stel en op niks en niemand anders nie. Met die woorde in Jeremia 17 wys die Here vir ons hoe lewensbelangrik dit is dat ons op Hom alleen moet vertrou.

Hierdie profetiese woorde is deel van die uitsprake van die Here tydens die regering van die vier konings in Juda tot en met die verwoesting van Jerusalem en die tempel. Die kernverse in Jeremia herinner ons ook aan Psalm 1 waar die Heilige Gees ook die lewe van die gelowige teenoor dié van die goddelose mens stel.

Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die Here afwyk. En hy sal wees soos 'n kaal bos in die wildernis, en hy sal nie sien as die goeie kom nie, maar dor plekke in die woestyn bewoon, 'n brakkerige en onbewoonde land. (Jeremia 17:5-6 AFR53)

Die mens op wie die volk van die Here hulle vertroue gestel het, was nie sommer enige mens nie. Vir jare lank al het die Here sy volk ernstig aangespreek deur sy profete oor die onreg waarmee hulle hulleself besig hou. Aanhoudend het die Here nou al sy volk teruggeroep na die verbondsverhouding waarin Hy Homself aan hulle verbind het. Maar hulle hart neig al hoe meer weg van die Here af.

Dat die volk se hart van die Here afgewyk het, is nie maar net dat hulle nie meer so 'n hegte verhouding met die Here gehad het nie. Dit is nie net 'n gebrek aan kommunikasie van hulle

kant af in hulle verhouding met die Here nie. Vir baie jare al het Juda hulle nie meer aan die eerste gebod gesteur nie. In plaas daarvan dat hulle voluit hulle vertrou op die Here stel, het hulle die afgode van die heidense volke begin vertrou. En nou weet ons mos dat afgode niks kan sê nie. Dus is die sondige gedagtes van die mens die enigste leiding wat hy nog kry.

Na sovele waarskuwings dat die Here 'n volk uit die noorde sal laat kom wat hulle in ballingskap gaan wegvoer, het Juda in die dae van die laaste konings gesien dat hierdie waarskuwings tog waar kan word. Die ryk van die Babiloniërs het oor die jare al hoe sterker geword. Hulle het al begin om hulle grondgebied uit te brei deur die een volk na die ander te oorrampel.

Omdat Juda nie meer die Here geken het as die God wat hulle verlos het uit Egipte nie, het hulle Hom ook nie meer vertrou nie. Omdat hulle eie sondige gedagtes die enigste leiding is wat hulle het, begin hulle plannetjies beraam. Hulle het deur middel van ooreenkomste met Egipte en Assirië probeer om hulle eie posisie op die wêreldkaart te verseker. Al baie vroeg in die boek Jeremia vra die Here vir sy volk:

Wat het jy dan nou te doen met die pad na Egipte, om die water van die Nyl te drink? En wat het jy te doen met die pad na Assur, om die waters van die Eufraat te drink? (Jeremia 2:18 AFR53)

Omdat die volk hardkoppig voortgegaan het, het die Here bygevoeg:

Jou eie boosheid sal jou tugtig, en jou afkerighede sal jou straf; weet dan en sien dat dit verkeerd en bitter is dat jy die HERE jou God verlaat het, en dat my vrees nie by jou is nie, spreek die Here, die HERE van die leërskaare. (Jeremia 2:19 AFR53)

Nou spel die Here uit hoe bitter dit vir hulle sal wees omdat hulle 'n mens vertrou. Hulle is vervloek. Deur hulle opstandigheid beroof hulle God van sy eer, want in plaas van die Here vertrou hulle 'n mens wat maar net stof is. Hulle beroof hulleself van die Here se liefde en genade. En in die plek van die Here se genade en liefde sal die toorn en oordeel van die Here hulle tref, want hulle het Hom, die bron van die lewende water, verlaat om na die gebarste waterbakke van Egipte en Assirië te gaan.

Daarom sal die man wat 'n mens vertrou soos 'n kaal bos in die wildernis wees. 'n Droë, onproduktiewe en eensame bestaan is so 'n man se voorland. As die goeie tye weer kom, sal hy dit nie eers sien nie, want hy sal dor plekke in die woestyn bewoon – 'n brakkerige en onbewoonde land. Die woestyn word dikwels as die blyplek van die duiwel in die Bybel aangedui. Dit wil sê, die mens wie se hart van die Here afwyk en op mense vertrou, loop die gewisse afgrond tegemoet – die plek van ewige verdoemenis. Daarom bely ons dat ons ter wille van ons sieleheil alle afgodery, towery, waarsêery, bygeloof en aanroeping van heiliges moet vermy en daarvan wegvlug. Ons ewige lewe is op die spel as ons die eerste gebod gaan ignoreer en dink ons weet beter as die Here.

Juda het hierdie dreigement van die Here ook nie ter harte geneem nie, want hulle het geredeneer soos baie mense vandag nog steeds redeneer. Dit gaan tog goed met die mense wat nie op die Here vertrou nie. Die bewyse daarvan sien ons mos elke dag raak. Kyk hoe gaan dit met die mens wat sy verstandelike vermoëns en sakevernuf sy steunpilaar gemaak het. Sy onderneming floreer al loop hy bo-oor ander mense en bly soveel ander mense in die slag. Jeremia het self vir die Here gevra: Hoe is dit dan dat die goddelose voorspoed het en die ontroue mens geen sorgie nie? (Jer 12:1).

Asaf, so lees ons in Psalm 73, het amper by die punt van moedelose desperaatheid gekom toe hy gesien het hoe die goddelose mense floreer terwyl hy en die ander wat die Here getrou bly dien dag vir dag verdruk word. Hy sê dat hy so amper koers verloor het, maar die Here was hom genadig. Deur sy Gees en Woord het die Here vir Asaf in sy heiligdom in-

gebring en gewys dat die goddelose eintlik op 'n gladde pad loop. Sy geknoei gaan hom tot 'n skielike val bring en 'n verskriklike einde gaan hom tref. Die Here was Jeremia ook genadig. Toe die Here hierdie woorde in vers 5 en 6 vir Jeremia gesê het, het hy ook besef hoe verskriklik dit is vir die man wat op 'n mens vertrou omdat hy van die Here afvallig geword het. Die einde van sy pad is saam met die duiwel in die ewige verdoemenis.

Wie hom dus besig hou met towery – dan bedoel ons nie kulkunsies nie, maar met magie “magic – black magic of white magic” – of hom besig hou met waarsêery of hierdie dinge glo, is besig met die gereedskap wat die Satan self aanwend om mense in sy net gevange te kry. Met towery is die Satan besig om God se almag na te boots en met waarsêery boots hy God se alwetendheid na. Hy wil nog altyd God se plek inneem. Omdat die Here vir ons nou wys waar towery en waarsêery hoort, het ons nog meer rede om van die goed af weg te vlug. Die Heilige Gees bring ons in die heiligdom van God in. Met die Woord wys Hy aan ons wat die uiteinde van die Satan is – die poel van vuur wat vir ewig sal brand (Open 20:10) – en daar sal elkeen beland wat sy vertrou op die werke van die Satan stel of sy lewe deur hierdie dinge laat beheers.

Deur die genadige werk van die Here weet ons egter dat ons deur Jesus Christus verlos is. Juda het ook geweet dat God hulle verlos het. Telkens wanneer hulle die Tien Gebooië gehoor het, het hulle ook gehoor die Here sê:

Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.
(Eksodus 20:2 AFR53).

Hulle het jaarliks die pasga gevier waarin hulle jaar na jaar gehoor het hoe die Here met sy magtige dae hulle verlos het. Hulle was gereeld in die tempel waar die priesters hulle hierdie dinge geleer het of moes geleer het. Jeremia sê in 'n stadium hoe graag hulle na die tempel gegaan het (Jer 7).

Die feit dat Jesus Christus ons verlos het, staan vir ons onuitwisbaar vas. Ons is in die Naam van Jesus Christus gedoop, want Hy betuig aan ons dat Hy ons met sy bloed skoon was van ons sonde. Ons hoor Sondag na Sondag dat Jesus Christus ons met sy kosbare bloed van die ewige oordeel van God gered het, want Hy was in ons plek in die woestyn om deur die Satan versoek te word. Op ons het die vloek gerus omdat ons nie die Wet van die Here honderd persent kan gehoorsaam nie. Maar Jesus het die vervloeking in ons plek aan die kruis gedra, want sy God het Hom vir drie ure verlaat. Deur sy Gees het Christus aan ons die ware geloof geskenk waarmee ons in Hom ingelyf is en waardeur al sy weldade wat Hy verdien het ons eiendom word. Die Heilige Gees bewaar ons met die Woord in die verlossing wat Christus vir ons verdien het. Die is net ons Vader in die hemel wat kan belowe om die kwade van ons af te weer of tot ons beswil te beskik en dit ook doen.

Die Here ons God is dus die enigste Here op wie ons kan vertrou. Dit is immers net Hy wat dinge lank gelede kon aankondig en dit baie eeue daarna tot uitvoering bring. En omdat die Here Homself nog elke dag deur sy Woord aan ons verder bekend maak, stel Hy ons deur die Heilige Gees in staat om Hom nog meer te vertrou. Dit is Hy wat aan ons alles gee wat ons na liggaam en siel nodig het, sodat ons kan lewe om Hom te eer en te dank.

Dit sal dan mos nou dom wees om van Hom, die bron van die lewende water, af pad te gee en na gebarste waterbakke te loop en dink ons sal daaruit kan bly lewe. Daarom sê die Here:

Geseënd is die man wat op die HERE vertrou, en wie se vertrou die HERE is. Want hy sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is en sy wortels uitskiet by die stroom en nie vrees as daar hitte kom nie, maar sy blad bly groen; en in 'n jaar van droogte is hy nie besorg nie en hou nie op om vrugte te dra nie.
(Jeremia 17:7-8 AFR53).

Die mens wat die Here glo en van Hom alles verwag wat hy nodig het, sal by die Here veilig wees en nooit teleurgesteld wees nie. Die Here belowe immers dat so 'n mens sal wees soos 'n boom wat by die water geplant is. Wanneer die Here ons vertrou is, sal ons dag na dag ervaar dat ons werklik deur die Heilige Gees in Christus ingeplant is – en Christus is die Gewer van die lewende water (Joh 4:10). Uit Hom uit voed en verkwik die Heilige Gees ons voortdurend met wysheid, vergifnis en die vaste wete dat ons kinders van God is.

Maar die boom is nie net by die water geplant en wag dat die water na hom toe sal kom nie. Die boom se wortels skiet by die stroom om al nader aan die water te kom. Die gelowige wat sy vertrou in die Here stel, is ywerig om naby die Here te lewe en van sy goedheid in te drink. Die mens vir die Here sy vertrou is, kan nie een dag sonder die Woord van die Here en sonder gebed lewe nie.

Die feit dat die gelowige naby die Here lewe soos die boom by die waters beteken nie dat daar nooit moeilike tye in die gelowige se lewe sal kom nie. Die Here praat immers van hitte en droogte wat oor die boom by die water kom. Maar die hitte veroorsaak nie dat die blare verkleur en afval nie. Selfs 'n droë jaar sal nie eers veroorsaak dat die boom nie vrugte dra nie. Moeilike tye van verdrukking en ander beproewings maak nie dat die gelowige moed opgee met die Here en dan sy hulp op 'n ander plek soek nie. Omdat hy die Here ken as die goeie en getroue God bly hy Hom selfs in daardie tye vertrou. En die gevolg is dat hy nog steeds vrugte van dank en lof tot verheerliking van die Here dra.

Mag die Heilige Gees ons so gewillig en bereid maak om so naby die Here te leef dat ons vanuit sy Woord al meer en aanhoudend die versekering kry dat ons vertrou in Hom nooit geskok sal word nie. Mag ons vertrou in die Here so sterk groei dat ons nie in die minste daaraan dink om by gebarste waterbakke water soek nie, want die Here is ons bron van lewende water vir ewig.

Amen!

Slotgebed

Psalm 73:11, 12 (p. 369)

- 11 Wie het ek in die hemel, HEER – / wie kan ek newens U begeer?
Wat het ek waar my hart, onrustig, / hom op die aardeⁱⁿ kan verlustig?
Beswyk dan ooit in bitter smart / of bange nood my vlees en hart,
dan sal U wees vir my gemoed / my rots, my deel, my ewige goed.
- 12 Wie ver van U sy weg wil gaan, / stap op 'n donker afgrond aan.
U roei hul uit wat U gesmaad het, / in troueloosheid U verlaat het.
Maar dis my goed, my saalge lot, / as ek naby is by my God.
Ek het my hoop op God gestel / om al sy werke te vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
19 Oktober 2014